

Ons staan stil by die tema: Die einde is 'n begin. Die kruisiging en dood van Jesus loop uit op sy opstanding. Maar die nuwe begin van die Here, die opstanding is nie net iets wat met Christus gebeur het nie, dit is iets wat met ons almal gebeur het. Sy opstanding verander ons status.

Ons tema verlede sondag was: "God is met ons oppad." Volgende sondag praat ons oor: "'n Saak van lewe en dood."

Vandag bevind ons onself in die kleedkamer van God. Ons trek die nuwe klere van die lewe in Hom aan.

Skriflesing: Kol 2:20-3:17

Christus se opstanding het ons lewens onherroeplik verander.

Ons ou sondige mens leefstyl het saam met Christus gesterwe. Ons het ons ou sondevuil klere saam met Hom uitgetrek.

Hoe lyk die sondevuil leefstyl wat ons uitgetrek het in Christus?

Ons is klaar met selfuitgedinkte godsdiens waarin allerlei wêreldse selfgemaakte reëls nagekom moes word om naby God te leef. Gewone mense het al die reëls, voorskrifte, geboë, regulasies of leerstellings uitgedink en dit "godsdiens" genoem. Dit is baiekeer goed wat ons nie mag doen nie soos om sekere goed nie te eet of nie daaraan te vat nie. Dit kan ook sekere dae wees wat ons moet hou. Die volgende goed is Bybels, maar ons moet versigtig wees om nie mensgemaak te reëls oor andere die doop, tale praat, eredienste bywoon en dankoffer gee te maak nie.

Hierdie reëls lyk op die oog af baie indrukwekkend. Mense wat dit uitgedink het, hou hul baie nederig. Maar die reëls is nutteloos in die beheer van ons sondige geaardheid. Die strengste beheersing van jou liggaam, maak nie van jou 'n geredde mens nie. Jy kan alles reg doen, maar as jy nie jou lewe oorgee aan die Here nie, bly jy steeds 'n verlore sondaar. Ons moet die Here vra om hierdie vuil klere van wettiese godsdienstige reëls uit te trek.

Hy moet ons ook help om aardse dinge wat nog deel van ons lewens is, dood te maak. Ons lees van dinge soos seksuele sondes en begeertes in Kol 3:5: "Daarom moet julle die aardse dinge doodmaak wat nog deel van julle lewe is: onsedelikheid, onreinheid, wellus, slegte begeertes, en gierigheid, wat afgodery is."

Jou seksualiteit is nie 'n fabrieksfout nie. Dit is 'n gawe van die Here om Hom daarmee te eer. Wanneer jy kies om die Here te dien, doen jy dit met jou hele lyf.

In Kol 3:8-9 lees ons hoofsaaklik van sondevuil klere wat ons verhouding met mekaar benadeel: "Maar nou moet julle al hierdie dinge laat staan: woede, haat, nyd en gevloek. Vuil taal moet daar nie uit julle mond kom nie, en moenie vir mekaar lieg nie. Julle het met die ou, sondige mens en sy gewoontes gebreek."

Hierdie ou mens het saam met Christus gesterf. Ons moet in die kleedkamer van God ingaan en ons ou vuil klere uittrek sodat Hy totaal daarvan kan ontslae raak.

Christus het opgestaan en ons as nuwe mense het saam met Christus opgestaan. In Christus het ons die nuwe klere van die nuwe lewe aangetrek.

Ons nuwe lewe begin by God se keuse vir ons. Ons lees in Kol 3:12a: “Julle is die uitverkore volk van God wat Hy baie liefhet...”

Met ons nuwe klere aan as nuutgemaak gemeente fokus ons op Christus. Kol 3:11: “Hier is dit nie van belang of iemand Griek of Jood is nie, besny of nie besny nie, andertalig, onbeskaaf, slaaf of vry nie. Hier is Christus alles en in almal.”

Dit maak nie vir God saak of jy al lank ‘n gelowige is of nie. Hy vra nie of jy kan lees en skryf of waar jy vandaan kom nie. Nog minder stel Hy belang hoe ‘n belangrike mens jy is en of jy ‘n goeie werk het nie. Al wat God vra is of Christus in jou lewe is. Want al wat regtig in die lewe saak maak is net Christus en of jou lewe aan Hom behoort.

In die lewe as nuwe mens lyk en tree ons al meer soos Christus op. Christus is in die eerste plek sigbaar in my verhoudings. My verhouding met Hom en ons verhouding met mekaar is soos twee kante van ‘n muntstuk. Dit kan nie van mekaar geskei word nie.

Vanuit ons lewende nuwe-mens verhouding met Hom, staan ons in ‘n lewende nuwe-mens verhouding met mekaar. Ons lees daarvan in Kol 3:12-15:

“¹²Daarom moet julle meelewend, goedgesind, nederig, sagmoedig en verdraagsaam wees.”

“¹³Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het. Soos die Here julle vergewe het, moet julle mekaar ook vergewe.”

“¹⁴Bo dit alles moet julle mekaar liefhê. Dit is die band wat julle tot volmaakte eenheid saambind.”

“¹⁵En die vrede wat Christus gee, moet in julle lewens die deurslag gee. God het julle immers geroep om as lede van een liggaam in vrede met mekaar te lewe...”

In Kol3:10 lees ons: “...en leef nou die lewe van die nuwe mens, wat al hoe meer vernuwe word na die beeld van sy Skepper en tot die volle kennis van God.”

Die opgestane Christus moet sigbaar wees in my manier van lewe. Hy word sigbaar in ons verhoudings waarvoor ons reeds gepraat het.

Hy word ook sigbaar in dankbare menswees. Ons lees van dankbaarheid in Kol 3:15: “Wees altyd dankbaar”; Kol 3:16: “Met dankbaarheid in julle harte moet julle psalms, lofgesange en ander geestelike liedere tot eer van God sing.” en in Kol 3:17 staan: “... en dank God die Vader deur Jesus Christus.” Ons dankbaarheid word sigbaar in ons bekering, goeie werke en gebed. Wat ek ookal doen, doen ek in die naam van die Here Jesus.

Christus word ook sigbaar in ons as ons in die Woord en wysheid van die Here bly en ons leer en onderrig mekaar daarin.

As nuwe mens laat ek nie toe dat aardse goed my aandag aftrek nie. Ek lewe met my oog op die Here. Ek streef na die dinge daarbo. Met ander woorde, ek vra wat Christus wil hê. Ek laat nie toe dat dinge wat nie vir Jesus belangrik is nie, vir my belangrik word nie. Ek hou my besig met die dinge wat vir Jesus belangrik is.

Afsluiting

Ek vat saam. Jesus het opgestaan en ons met Hom!

Ons dra nie langer meer sondevuil klere nie, maar sy nuwe lewe skoongewaste klere.

Laat ek 'n skoongewaste lewe saamvat: Jesus moet uit julle hele lewe straal. Ons moet ons gedagtes op Hom rig. In ons woorde, dae en verhoudings moet Christus sigbaar gemaak word. Ons moet onself telkens afvra hoe sal Hy reageer en wat sal Hy doen? En ons lewens moet een groot dankie vir God wees.
Amen